DIE ONWETTIGE HANDEL IN NIE-YSTERHOUDENDE METAAL EN DIE IMPLIKASIES WAT DIT VIR DIE EKONOMIE EN INFRASTRUKTUUR INHOU

Die diefstal van nie-ysterhoudende metaal het 'n ernstige probleem geword en het 'n negatiewe impak (direk en indirek) op baie mense. Alhoewel die probleem rakende die diefstal van nie-ysterhoudende metaal, veral koper en aluminium, nie nuut is nie, het dit sedert 1993 tot ongekende vlakke gestyg, met jaarlikse verliese wat biljoene rande beloop.

Die diefstal van nie-ysterhoudende metaal kniehalter stede aangesien dit gemeenskappe in duisternis hul en uitgebreide kragonderbrekings meebring. Georganiseerde bendes plunder kilometers van die land se elektrisiteits- en telefoonlyne om as skroot te verkoop, en dit wil voorkom asof hulle nie binnekort hul winsgewende besigheid gaan laat vaar nie.

Koper en aluminium word gesteel van oorhoofse lyne, substasies, seinkabels, ondergrondse kabels, transformators en van treinwaens (wasbakke, laers ('bearings'), krane, vensterrame, ens.). Spoornet staar die uitdaging in die gesig om ongeveer 23 000 km se spoorlyne met beperkte sekuriteitshulpbronne te beveilig.

Die boosdoeners:

Die boosdoeners is gewoonlik snags aktief, gewapen met vragmotors, katrolle, industriële snygereedskap en trekkers om die maste en pale plat te trek ten einde by die koper uit te kom. Hierdie misdadigers kan in twee groepe verdeel word: georganiseerde misdaadsindikate, wat hul buit normaalweg uitvoer; en bestaansdiewe wat slegs 'n paar meter op 'n slag steel. Hierdie diewe gebruik gewoonlik die verskoning dat hulle dit doen ten einde hulself en hul families te kan voed.

Sindikate is hoogs gesofistikeerd aangesien hulle oor ultramoderne toerusting soos vragmotors met katrolle beskik, en is kundiges wat die ontkoppeling van elektrisiteit betref, sodat hulle die kabels kan steel sonder om doodgeskok te word. Vir onervare diewe is die risiko natuurlik hoër aangesien hulle hulself baie maklik kan doodskok. Sindikate gebruik weer individue wat desperaat is vir 'n inkomste om koperkabels en -pype teen groot persoonlike risiko te steel. Die kabels word dan gestroop en as skrootmetaal aan handelaars verkoop.

nelson mandela bay MUNICIPALITY

www.nelsonmandelabay.gov.za

Die impak van die onwettige handel in nie-ysterhoudende metaal op slagoffers:
Die impak van die diefstal van nie-ysterhoudende metaal op Eskom, Spoornet, Telkom en die Suid-Afrikaans ekonomie oor die algemeen is enorm en dit is onmoontlik om die werklike koste vir slagoffers te bepaal. Die diefstal van nie-ysterhoudende metaal raak ons op verskeie wyses negatief, soos:

- die vervangingskoste om infrastruktuur te herstel (materiaal en bykomende man-ure);
- die vervoerkoste wanneer mense vir ander vorms van vervoer moet betaal aangesien treine vertraag is;
- die koste van toerusting en voertuie;
- die koste van elektroniese toerusting, alarms en monitering;
- die ekstra koste om personeel en infrastruktuur te beveilig, veral snags;
- die negatiewe publisiteit vir Suid-Afrika, wat lei tot die verlies van bestaande en potensiële beleggers;
- die onberekenbare koste van menselewens (bv. wanneer 'n trein ontspoor, of ongelukke voorkom weens verkeersligte wat buite werking is);
- die privaat en openbare sakesektore benodig elektrisiteit en telefoonlyne om hul werk te verrig, en die verlies van hierdie dienste het 'n negatiewe impak op hul produktiwiteit, beplanning en winsmarges; en
- die prysverhogings wat deur wetsgehoorsame, belastingbetalende burgers geabsorbeer moet word.

Die koste van die onwettige handel in en diefstal van nie-ysterhoudende metaal in Suid-Afrika:
Die diefstal van koperkabels kos die Suid-Afrikaanse ekonomie 'n geskatte R5 miljard per jaar. Hierdie getal moet met ten minste tien vermenigvuldig word om die algehele ekonomiese verlies te bepaal. Die indirekte koste van kabeldiefstal sluit ook verlies aan inkomste, die ontwrigting van noodsaaklike dienste, arbeidskoste om die geaffekteerde netwerke te herstel, asook veiligheidsmaatreëls soos hierbo gemeld, in.

Die reuse toename in kabeldiefstal die afgelope jaar kan grotendeels toegeskryf word aan die verdrievoudiging van die koperprys in die onlangse verlede. Die huidige hoë prys van tweedehandse koper wissel tussen R32 000 en R45 000 per ton.

Die skade wat deur die diewe aangerig word beloop meer as die waarde van die werklike materiaal wat gesteel word, aangesien die volle koste van die vervanging, die skade wat deur verbruikers gely word en die personeelkoste ten minste drie keer soveel as die koste van die gesteelde materiaal is.

'NFTCC' gevorm om diefstal van nie-ysterhoudende metaal te bekamp:
Die Komitee vir die Bekamping van die Diefstal van Nie-Ysterhoudende Metaal ('NFTCC') is in 1993 gevorm in 'n poging om hierdie tipe misdaad aan te spreek en te bekamp. Al die vernaamste rolspelers (soos die SAPD, Eskom, Telkom, Transnet, BAC, ens.) word op die 'NFTCC' verteenwoordig. Die 'NFTCC' het die volgende strategiese voorneme op die nasionale konferensie aanvaar: "Die 'NFTCC' is 'n geïntegreerde liggaam van sleutelrolspelers wat strategiese leiding bied vir die proses om die diefstal van nie-ysterhoudende metaal te voorkom en uit te wis sodat die gehalte lewering van strategiese dienste tot voordeel van al die mense van Suid-Afrika verseker kan word."

Faktore wat bydra tot die diefstal van nie-ysterhoudende metaal:
Verskeie faktore dra by tot die diefstal van nie-ysterhoudende metaal, insluitend:

- Toename in die getal onwettige immigrante wat desperaat is vir werk.
- Verhoogde werkloosheid.
- Die betrokkenheid van georganiseerde misdaadsindikate.
- Die reuse plaaslike en internasionale vraag na koper en aluminium.
- Onvoldoende kontrole/wetgewing rakende verwerking, verkope, invoer en uitvoer.
- Misdadigers wat weet dat indien hulle gevang word, hulle slegs ligte vonnisse opgelê sal word.
- Die belangrikste bydraende faktor is die geredelik beskikbare skrootmark waar misdadigers gesteelde materiaal kan verkoop.
- Hierdie gesteelde materiaal vind hul weg op verskeie maniere terug in die verwerkings-, vervaardigings- en voorsieningsketting.
- Groot hoeveelhede gesteelde materiaal word na oorsese markte uitgevoer.

Die skrootmetaalmark:
Daar is ongeveer 1000 geregistreerde skrootmetaalhandelaars en bykans 3000 dobbelkantoor- ('bucket shop') tipe handelaars in die land. Meeste maatskappye merk hul materiaal, wat as die eiendom van 'n spesifieke organisasie geïdentifiseer kan word. Skrootmetaalhandelaars moet kennis hiervan neem. Die SAPD, ondersteun deur lede van die 'NFTCC', voer gereelde pro-aktiewe operasies op sekere geïdentifiseerde skroothandelaars uit.

Redes waarom misdade rakende nie-ysterhoudende metaal nie opgelos word nie:
Daar is baie redes waarom sake rakende die diefstal van nie-ysterhoudende metaal nie opgelos word nie, insluitend:

- Die baie hoë pryse wat vir nie-ysterhoudende metaal betaal word.
- Maklik toeganklike markte.
- Geen behoorlike Wet op die Beheer van Skroothandelaars nie.
- Geen kontrole oor uitvoere.
- Borgtog wat maklik toegestaan word.
- Ligte vonnisse.

NELSON MANDELA BAY METRO POLICE 2012